

DIE GEESTELIKE WAARDE VAN ‘n WOORDWAG - VERKONDIG DIE WOORD VAN GOD DEUR DIT HARDOP TE LEES.

Een van Jesus te titels is Woord van God (Open.19:13; Joh.1:1-5). Wanneer ons die Bybel lees, eer ons beide die geskrewe Woord van God en Jesus as die Woord.

Getuienis van Jesus is die gees van profesie (Open.19:10). Ons profeteer wanneer ons die Nuwe Testament lees en verkondig. God se Woord keer nooit ledig na Hom terug nie, maar doen dit waarvoor Hy dit stuur. (Jes.55:11).

Die Woord van God is gees en lewe (Joh.6:63). Wanneer ons die Woord verkondig, dan glo ons dat die Gees van God die Woord gebruik om lewe te bring, in ons, en in die wêreld rondom ons.

Die Woord van God is die Swaard van die Gees. (Efe.2:6). Die Gees gebruik die Woord van God om ons te help om te onderskei tussen die dinge van die siel (vlees) en die dinge van die gees, en om leuens te ontbloot en waarheid te openbaar (Heb.4:12).

Die Woord van God skep (Gen.1) en onderhou die skepping (Heb.1:3). Die woorde wat uit ons monde kom kan ook skep – lewe of dood (Spr.18:21). Ons kan dus God se Woord in omstandighede rondom ons spreek en lewe skep.

Die Woord van God is die saad van die Evangelie. As dit in ‘n mense-hart ingeplant word, kan dit jou siel red (Luk.8:11; Jak.1:21).

Die Woord van God is waarheid. Die waarheid verlos ons van bindinge en verbreek geestelike vestings (Joh.17:17; Joh.8:31-32; Jer.23:29).

Die Woord van God genees, bevry en help ons om die bose te oorwin (Matt.8:8; Ps.119:170; 1 Joh.2:14).

Die Woord van God vermeerder geloof en help met geestelike groei (Rom.10:17; 1 Pet.2:2). Hoe meer Woord ons hoor hoe sterker word ons geloof en dit help ons om geestelik volwasse te word.

Die Woord van God dui ons koers aan en gee ons wysheid op ons lewenspad (Ps.119:130,133).

“Dankie Here Jesus, dat U die lewende Woord is wat ons die ewige Lewe gee.”